

Donderdag 7 November

Skrifgedeelte: Hebreërs 4:1-11

Fokusgedeelte: Hebreërs 4:1

God se belofte van ewige rus

Die Israeliete waarna hierdie gedeelte verwys, word vir ons gebruik as waarskuwing teen afval en verflouing in ons verhouding met God. Die saak word al van Hebreërs 3:6 af vir ons uitgelig. Dit is 'n weerspieëling van die ewige rus wat ons by God in die hemel gaan beleef.

Dan lees ons hierdie skerp woorde van Hebreërs 4:1 om aan die belofte van die ewige rus vas te hou. Ons moenie soos die Jode, toe hulle in die woestyn was, alewig eise stel vir God nie. Stadig maar seker het hulle van God afvallig geword. Hulle was op pad na die beloofde land wat God aan hulle belooft het.

Ons, aan die ander kant, is op pad na ons ewige huis toe, by ons Vader in die hemel. Ons moet vashou aan hierdie belofte. Die einde van ons stryd hier op aarde teen die sonde is ook die vervulling van hierdie belofte. As ons nie leef volgens hierdie belofte nie, leef ons in ongehoorsaamheid soos Israel ook gemaak het. Hulle ongehoorsaamheid het veroorsaak dat hulle nie hulle beloofde land sou sien nie. Hulle het agtergebly.

Ons moet die boodskap van die evangelie hoor en glo. Hierdie belofte van die ewige rus staan steeds vas en dit word vir ons versterk deur die evangelie. Ons het hierdie bevestiging van God se beloftes in Jesus Christus. Hy het gesterf, opgestaan en opgevaar na die hemel om hierdie ewige rus vir ons te verseker. Dit is meer as 'n belofte, dit het 'n werklikheid geword.

Leef ons in hierdie werklikheid? Wanneer ons werklik hierdie ewige rus verwag, leef ons soos mense wat dit verwag. Ons aanbid nog met die verwagting dat God ons gebede sal verhoor. Ons waak daarteen dat ons nie sal agterbly nie. Ons leef heilig.

Sing: Skrifberyming 15-7:5

Ds. J Cronje (Jaco) (Aliwal-Noord)